higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

4 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Waar
1.9 Onwaar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 E
2.2 I
2.3 A
2.4 H
2.5 J
2.6 B
2.7 G
2.8 D
2.9 F
2.10 C

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Een van die unieke eienskappe van padvervoer is die vermoë om vir individuele keuse en buigsaamheid voorsiening te maak.
Die vermoë om op enige terrein te kan lewer en die buigsaamheid van skedulering stel spoorvervoer in staat om ’n groot stuk van die vervoermark te verower.

3.2 Spoorvervoer is die vervoer van goedere en passasiers op spoorlyne deur treine. Tans fokus spoorvervoer hoofsaaklik op die vervoer van spesifieke produkte. Die unieke eienskappe sluit in die vermoë om groot hoeveelhede goedere oor lang afstande teen laer koste as per pad te vervoer.

(2 × 2) **[4]**

VRAAG 4

4.1
- Gerief
- Spoed
- Dravermoë
- Eksterne faktore
- Deurgangsreg
- Sekerheid/sekuriteit
- Veiligheid (Enige 4 × 1) (4)

4.2
- Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels (Wet 54 van 1972)
- Nasionale Wet op Gesondheid, Wet 61 van 2003, wat die higiëne van voedingsmiddels reguleer.
- Regulasies ingevolge die Wet op Gesondheid (Wet 63 van 1977), wat die higiëneaspekte van voedselterreine en die vervoer daarvan reguleer
- Wet op Internasionale Gesondheidsregulasies (Wet 63 van 1977), wat gemoeid is met die vereistes vir verpakking en werkareas. Dit verskil op grond van die bedryf en die produk.
- Suid-Afrikaanse Verpakkingsinstituut (IPSA) wat by die Wêreldinstituut vir Verpakking geaffilieer is
- Verpakkingsraad van SA (PACSA) het noue bande met die Suid-Afrikaanse Verpakkingsinstituut en fokus op vraagstukke wat met omgewingskwessies te make het. (Enige toepaslike antwoord 2 × 5) (10)

4.3
- Klas A-items kan daagliks gemonitor word
- Klas B-items kan beheer word deur gebruikmaking van ’n ekonomiese bestelhoeveelheid-model.
- Klas C kan beheer word as minimum noodvoorraad, en hoef moontlik glad nie gemonitor te word nie.
- Klas A-items kan in alle pakhuise as voorraad gehou word.
- Klas B-items kan in slegs enkele geselekteerde streekspakhuise gestoor word.
- Klas C-items kan slegs by die vervaardigingsaanleg of verspreidingsentrum gestoor word. (2 × 5) (10)

4.4
- Pos
- Faks of telefoon
- E-pos
- Elektroniese data-uitruiling (4)

4.5
- Luister: Laat ontevrede kliënte toe om hul gevoelens te lug.
- Vra om verskoning: Indien ’n fout begaan is, verdien jou kliënt ’n verskoning. Onthou dat die verskoning namens die maatskappy gemaak word.
- Neem aantekeninge: Skryf belangrike punte neer terwyl die kliënt praat.
- Herhaal die situasie soos jy dit verstaan: Sodra die kliënt klaar gepraat het, som op wat jy gehoor het.
- Vra vir voorstelle: Deur vir die kliënt te vra om te verduidelik wat hy/sy wil hê jy moet doen om die probleem op te los, gee jy hulle ’n kans om presies te sê wat hulle nodig het, wil hê of verwag.
- Kry ooreenstemming: Maak seker dat dit wat jy onderneem om te doen, ooreenstem met die kliënt se begrip van wat jy gaan doen. (12)

[44]

VRAAG 5

5.1
- Hergebruiksentra word gebruik vir die insameling van materiaal en toerusting wat voorheen gebruik is, maar steeds volkome bruikbaar is. Die produkte en goedere word dan aangebied aan ander entiteite wat voordeel daaruit kan trek, soos skole, gemeenskap en individue.
- Hervervaardiging: Ondernemings wat herstelwerk en opknappingswerk doen, gebruik waardevolle onderdele, soos enjinblokke en skeeps- of vliegtuigrompe, en restoureer dit in ’n fabrieksomgewing.
- Depositoprogramme bied ’n finansiële aansporing om verpakkingsmateriaal en ander goedere vir hergebruik terug te bring.
- Geslotelus-programme word op groot skaal vir verpakkingsmateriaal gebruik, byvoorbeeld in meubelvervoermaatskappye, en wanneer die maatskappy betrokke is by die gereelde vervoer van goedere van ’n sentrale vervaardigingsfasiliteit na pakhuisopberging.
- Hervullingsprogramme bestaan uit minimale verpakking en is bloot daarop gerig om die produk huis toe te neem, waar dit na ’n houer oorgeplaas word.
- Opsiklering (‘upcycling’) – handel daaroor om ’n item ’n nuwe, meer waardevolle doel te gee
- Herverfyning om smeerolies te lewer – dit is waarskynlik die beste manier om die waarde te herwin wat met gebruikte olie geassosieer word en is ’n ware vorm van herwinning.

(Enige toepaslike antwoord 5 × 2) (10)

5.2
- Integrasie van nuwe kliënte, produkte, dienste of kliëntspesifieke prosedures sonder groot uitgawes
- Uitkontraktering van subprosesse met behoud van eienaarskapsregte.
- Organisering van die pakhuis om aan kostedoeltreffende diensvlakke te voldoen
- Verbetering van die leweringsvermoë van verskaffers
- Identifisering en vroeë oplossing van krisissituasies
- Koördinering van die vloei van materiaal en inligting

(Enige toepaslike antwoord 4 × 2) (8)

5.3
- Ongelukke met swaar toerusting: Werknemers is geneig om die gevaar te vergeet wat verbonde is aan werk met swaar pakhuistoerusting, soos vurkhysers. As die operateur die gevaar van die masjien onderskat, kan dit tot ongelukke lei.
- Gly en struikel: In die pakhuis moet werknemers op die uitkyk wees vir materiaal op die vloer, soos saagsels, plastiek, sand of selfs produkte wat gestort het, soos suiker.
- Val en botsings: Die meeste beserings in die pakhuis is te wyte aan mense wat val – hetsy as gevolg van gly of struikel, of omdat werknemers bo grondhoogte werk.
- Brande: Dit kan ernstige risiko's in die pakhuis skep. Daar is 'n groot verskeidenheid beleide om brande in die werksplek te voorkom.
- Bewegende onderdele: Dit is 'n algemene pakhuis- en aanlegwerksplekrisiko. Dit is belangrik dat personeel die risiko verstaan om in so 'n omgewing te werk en versigtig is om werksplekbeserings te voorkom.

(Enige toepaslike antwoord 5 × 2) (10)

5.4
- Verkryging van pakhuisruimte
- Berging- en rakwerk-items
- Verpakkingskomponente en -toerusting
- Voorraad en grondstowwe
- Materiaalhanteringstoerusting
- Meublement
- IT-hardeware en sagteware
- Voertuigmonitering- en roetebepalingstelsel
- Administratiewe kantoor se behoeftes
- Voertuie
- Arbeid (Enige 5 × 1) (5)

5.5
- Moenie dinge wat gesê word persoonlik opneem nie.
- Moenie met penne, potlode, jou das vroetel nie.
- Moenie die kliënt onderbreek nie.
- Moenie negatiewe liggaamstaal gebruik nie (soos om jou arms voor jou bors te vou).
- Moenie harder as die kliënt skree nie.
- Moenie fokus op hoe die kliënt dinge sê nie; fokus eerder op dit wat gesê word.
- Moenie beloftes maak wat nie nagekom kan word nie.
- Moenie 'n ontstoke kliënt toelaat om 'n onaangename atmosfeer te skep nie – neem hulle na 'n kantoor waar ander kliënte hulle nie sal hoor nie. (Enige 4 × 2) (8)

[41]

VRAAG 6

6.1
- Direkte storting as vullingsafval: Met hierdie metode gaan sowel die energiewaarde van die gebruikte olie as die potensiaal vir waardetoevoeging verlore.
- Direkte verbranding in stoomketels, hoogoonde en droogoonde: Met hierdie metode lewer die onbehandelde gebruikte olie met al sy skadelike komponente ’n baie goedkoop en effektiewe brandstof, maar die ontbrandingsproses kan swaarmetale asook ander skadelike byprodukte van ontbranding in die atmosfeer vrystel.
- Eenvoudige herverwerking in industriële brandstowwe: Volgens hierdie proses kan vaste stowwe en water, en in ’n geringe mate swaarmetaal-kontaminante, uit die gebruikte olie verwyder word.
- Komplekse herverwerking in industriële brandstowwe: Komplekse herverwerking kan ’n baie nuttige, laeswawel- industriële brandstof en ander waardevolle industriële brandstowwe produseer wanneer dit met behandelde herwonne koolwaterstofvloeistowwe vermeng word.
- Verwerking in plofstowwe vir skietwerk: Hierdie olieverwerkingsmetode maak staat op die goedkoop energiebron wat gebruikte olie kan verskaf en die feit dat die gebruikte olie ’n vloeistof van die korrekte viskositeit is.
- Herverfyning in smeerolies: Dit is waarskynlik die beste manier om die waarde te herwin wat met gebruikte olie geassosieer word en is ’n ware vorm van herwinning.
- Brandstof vir sement- en kalkoonde: Dit word tans beskou as die aanvaarbaarste manier om van smeerolies ontslae te raak.
- Elektroniese handel: verkope via die internet het baie maatskappye gedwing om op hul omgekeerde-logistiekvermoëns te fokus. (Enige toepaslike antwoord 5 × 2) (10)

6.2
- Kosteverlaging
- Buigsame verpakking en kan by die kliënt se behoeftes aangepas word
- ’n Wye reeks papierkombinasies
- Herwinbaarheid
- Betroubaarheid (Enige 4 × 1) (4)

6.3
- Beskrywing
- Waarde
- Plek
- Herbestelvlakke, -hoeveelhede en lewertye
- Verskafferbesonderhede
- Inligting oor voorraadgeskiedenis (Enige 5 × 1) (5)

6.4
- Naam en adres van sender en ontvanger van goedere
- Adresse van sowel vertrek- as bestemmingspunte
- Voertuig/Vaartuig gebruik
- Datums van vertrek en aankoms
- ’n Geïtemeerde lys van goedere wat vervoer word, insluitend die aantal pakkette en soort verpakking
- Merke en getalle op die pakkette (10)

- Gewig en/of volume van die vrag
- Die tempo waarteen die goedere vervoer word en die totale bedrag, plus BTW (Enige 5 × 2)

[29]

VRAAG 7

7.1 Die konsep *waarheidsmoment* kan gedefinieer word as die konneksie tussen ’n kliënt en ’n diensverskaffer, waar ’n blywende positiewe of negatiewe indruk geskep word. (2)

7.2
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval
- Wet op Omgewingsbewaring (2)

7.3
7.3.1 Stoorkabinette
7.3.2 Palettisering
7.3.3 Rakwerk
7.3.4 Vraghouer

(4 × 1) (4)

7.4
- Identifiseer ’n behoefte: werknemers in maatskappye moet ’n rekwisisie aan die verkrygingsafdeling voorlê wanneer hulle goedere of dienste wil aankoop.
- Bekom kwotasies: Die verkrygingsafdeling kan hul gewone verskaffers telefonies kontak om hulle van kwotasies te voorsien of ’n kwotasieversoek aan hulle stuur.
- Assesseer aanbod: Sodra hulle die kwotasie ontvang, kan hulle besluit om ’n tenderproses in werking te stel om te verseker dat hulle die regte besluit neem.
- Plaas die bestelling: In baie gevalle word ’n bestelling geplaas op grond van ’n kwotasie wat van ’n voorkeurverskaffer ontvang is.
- Ontvang goedere: Goedere word vergesel deur ’n afleweringsnota wat al die items in die pakket spesifiseer.
- Betaal die verskaffer: Die finale stap in die verkrygingsproses is verwerking van betaling. (Enige 3 × 2) (6)

7.5
- Instandhouding
- Finansies
- Mensehulpbronne of menslike hulpbronne (Enige EEN) (1)

7.6 Teruggestuurde goedere-vorm (1)

[16]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou